# Die bestuur van DIDAKTIESE STEUNSTELSELS aan 'n VERPLEGINGSKOLLEGE

## The management of Didactic Support Systems at a Nursing College

**AE Pullen**
M.Cur
Nagraadse student,
Departement Verpleegkunde
**Randse Afrikaanse Universiteit**

&

**AC Botes**
D.Cur
Professor, Departement Verpleegkunde
**Randse Afrikaanse Universiteit**

### SUMMARY

The learning accompanists (nurse educator), in the didactic situation within the context of a nursing college, is midst a process of transformation. This transformation has a direct influence on the learning accompanists didactic role fulfilment. Didactic support systems enables the learning accompanist to fulfil her/his didactic role. These didactic support systems should be managed during the process of transformation, in such a way that it enables the learning accompanist to fulfil her/his didactic role. A new creative approach to the management of the didactic situation is necessary.

The goal of this study was to describe guidelines for the management of didactic support systems, at a nursing college, to enable the learning accompanist to fulfil her/his didactic role. An inductive, qualitative, contextual, exploring, descriptive strategy was used to reach the goal of the study.

No explicit conceptual framework was used as point of departure. Because the participants are midst a process of transformation, their knowledge and experience was used as source of data, as they can express their needs and views the best. The goal of this study was reached by setting four objectives.

The uniqueness of the study lies in the relevance within the current time frame context and that it expresses the needs of the learner accompanists and the views of the managers at a nursing college. An abundance of possibilities for further research was created.

**The uniqueness of the study lies in the relevance within the current time frame context...**

### OPSOMMING

Die leerbegeleier (verpleegdosent) in die didaktiese situasie, binne die konteks van 'n verplegingskollege, is midde 'n proses van transformasie. Die transformasie het 'n direkte invloed op die leerbegeleier se didaktiese rolvervulling. Didaktiese steunstelsels stel die leerbegeleier in staat om haar/sy didaktiese rol te vervul. Die didaktiese steunstelsels moet in die proses van transformasie so bestuur word, dat dit die leerbegeleier in staat stel om haar/sy didaktiese rol te vervul. 'n Nuwe kreatiewe aanslag tot die bestuur van die didaktiese situasie word benodig.

Die doel van die studie is om riglyne te beskryf vir die bestuur van didaktiese steunstelsels aan 'n verplegingskollege, ten einde die leerbegeleier in staat te stel om haar/sy didaktiese rol te vervul. 'n Induktiewe, kwalitatiewe, verkennende, beskrywende en kontekstuele strategie word benut om die doel van die studie te bereik.

Daar word nie vanaf 'n eksplisiete konseptuele raamwerk vertrek nie. Die kennis en ervaring van die rolspelers is as databron gebruik, omdat hulle midde die transformasieproses is en hulle, hulle behoeftes en siening die beste kan weergee. Die doel is bereik deur vier doelwitte te stel.

Die uniekheid van die studie lê daarin dat dit relevant is binne die huidige tyd-ruimtelike konteks en dat dit die behoeftes van die leerbegeleiers en die siening van die bestuurders verbonde aan 'n verplegingskollege weerspieël. 'n Rykheid van navorsingsmoontlikhede is gegenereer.

*Navorsing*

## AGTERGROND, RASIONAAL EN PROBLEEMSTELLING

Die mandaat vir die verplegingspraktyk is die Wet op Verpleging (Suid-Afrika, 1978 : Wet 50 van 1978, soos gewysig). Volgens die Wet op Verpleging en praktykregulasies praktiseer die verpleegkundige as 'n onafhanklike praktisyn (Botes, 1994d:66-68). Verpleegonderwys het 'n belangrike rol om te vervul in die daarstel van 'n onafhanklike praktisyn.

Die leerbegeleier in verpleegonderwys het direk te make met die ontwikkeling van 'n onafhanklike praktisyn. Brink (1989:13) stel dit dat daar min te argumenteer is dat die verwagtinge en eise van die leerbegeleier se rol aansienlik uitgebrei het oor die laaste dekades.

Strukturele, organisatoriese en filosofiese veranderinge wat in verpleegonderwys plaasgevind het, het bykomende aktiwiteite en verantwoordelikhede vir die leerbegeleier meegebring.

Kotzé (1984:21) stel dit dat die student in haar/sy gedying 'n volwasse professionele rolmodel nodig het. Die leerbegeleier in verpleegonderwys speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die verpleegstudent (vergelyk Mellish & Brink, 1993:6).

Die navorser maak die aanname dat die leerbegeleier binne die didaktiese situasie aan 'n verplegingskollege, waar onderrig en leerhandelinge plaasvind 'n didaktiese rol het om te vervul, en dat didaktiese steunstelsels die leerbegeleier in staat stel om hierdie rol te vervul. Die didaktiese rol van die leerbegeleier het te make met die begeleiding van die verpleegstudent as volwassene leerder in verpleegkunde en verpleging.

Die didaktiese steunstelsels kan fisies, sosiaal of geestelik van aard wees. Fisies verwys na materiële hulpbronne, sosiaal verwys na verhoudings tussen onder meer bestuurders en leerbegeleiers, leerbegeleiers en mede-leerbegeleiers, leerbegeleiers en volwasse leerders, geestelik verwys na onder meer waardes en normes. Die didaktiese steunstelsels is van so 'n aard dat dit doelmatig en doeltreffend is ten einde die leerbegeleier in staat te stel om haar/sy didaktiese rol te vervul.

Die leerbegeleier binne die konteks van 'n verplegingskollege, bevind haar/hom midde 'n proses van transformasie. Nuwe eise en verwagtinge word aan die leerbegeleier gestel.

Die transformasie is onder meer te wyte aan verskeie faktore. Van die faktore wat onder meer 'n rol speel in transformasie is:

- die Regering van Nasionale Eenheid se verbintenis tot die Heropbou en Ontwikkeling van die land;
- die Regering van Nasionale Eenheid se visie ten opsigte van Gesondheid; asook onderwys en Opleiding;
- 'n groter klem op denkvaardighede van die volwasse leerder;
- die verandering in die benadering tot die kurrikulum;
- herstrukturering van verplegings-kolleges;
- rasionalisering en amalgamering van verplegingskolleges;
- multikulturele dubbelmedium didaktiese situasie; en
- die demokratisering van die didaktiese situasie.

(vergelyk Goewermentskennisgewing, 1954 van 1994; African National Congress, 1994:19-20; Poggenpoel en Wessman, 1994:5; Roberts, While & Fitzpatric, 1993:889; Klopper, 1995:42; Goewermentskennisgewing, 1030 van 1994:10; National Commission on Higher Education, 1996:1,11,353-356).

Bestuur van die konteks van transformasie word benodig om 'n didaktiese konteks daar te stel wat ondersteunend tot die leerbegeleier se didaktiese rol is. Die navorser maak die aanname dat die bestuurders binne die konteks van 'n verplegingskollege die konteks van transformasie bestuur, op so 'n wyse dat voldoende didaktiese steunstelsels daargestel word wat ondersteunend tot die didaktiese rol van die leerbegeleier is en die leerbegeleier in staat stel om haar/sy didaktiese rol te vervul.

**Binne 'n transformasie konteks kan die volgende vraag gestel word:**

Hoe behoort die didaktiese steunstelsels aan 'n verplegingskollege bestuur te word, ten einde die leerbegeleier in staat te stel om haar/sy didaktiese rol te vervul?

**Vanuit hierdie vraag het die volgende subvrae ontstaan:**

Wat is die leerbegeleier, verbonde aan 'n verplegingskollege, se behoefte aan didaktiese steunstelsels ten einde haar/sy didaktiese rol te vervul?

Wat is die bestuurders verbonde aan 'n verplegingskollege, se siening oor hoe hulle didaktiese steun aan die leerbegeleier kan bied, ten einde haar/hom in staat te stel om die didaktiese rol te vervul?

## DOELSTELLING VAN DIE STUDIE

Vanuit die probleemstelling is die doel van die studie om riglyne te beskryf vir die transformasionele bestuur van didaktiese steunstelsels aan 'n verplegingskollege, ten einde die leerbegeleier in staat te stel om haar/sy didaktiese rol te vervul.

Hierdie doelstelling is deur die volgende doelwitte bereik:

**Doelwit I:**Die verkenning en beskrywing van die leerbegeleier se behoefte aan didaktiese steunstelsels, binne die konteks van 'n verplegingskollege.

**Doelwit II:** Die verkenning en beskrywing van die bestuurders se siening oor hoe hulle didaktiese steun aan die leerbegeleier kan bied, binne die konteks van 'n verplegingskollege.

**Doelwit III:** Die beskrywing van 'n konseptuele raamwerk vir die transformasionele bestuur van didaktiese steunstelsels aan 'n verplegingskollege as literatuurkontrole.

Vanuit doelwit I, doelwit II en doelwit III is doelwit IV bereik naamlik:

**Doelwit IV:** Die beskrywing van riglyne vir die transformasionele bestuur van didaktiese steunstelsels aan 'n verplegingskollege.

## DEFINIëRING VAN KONSEPTE

### Transformasionele bestuur

Die konsep transformasionele bestuur verwys na die bestuur van didaktiese steunstelsels op so 'n wyse dat voldoende didaktiese steunstelsels daargestel word wat ondersteunend tot die didaktiese rol van die leerbegeleier is en die leerbegeleier in staat stel om haar/sy didaktiese rol te vervul as heelmens. Transformasionele bestuur van didaktiese steunstelsels sluit die bestuursprosesse in van beplanning, organisering, leidinggewing en beheer.

### Didaktiese steunstelsel

Die konsep *didaktiese steunstelsels* verwys na steunstelsels in die eksterne omgewing van die leerbegeleier binne die transformasie konteks van 'n verplegingskollege. Die steunstelsels kan fisiek, geestelik en sosiaal van aard wees.

Fisiek sluit in materiële hulpbronne, sosiaal sluit in menslike hulpbronne asook organisasiestrukture en geestelik sluit in normes en waardes. Materiële hulpbronne verwys onder meer na fisiese fasiliteite, onderrighulpmiddele, menslike hulpbronne verwys onder meer na persone wat ondersteun, begelei, motiveer en hulp verleen.

Didaktiewe steunstelsels stel die leerbegeleier in staat om as heelmens haar/sy didaktiese rol te vervul en skep die gevoel van waardering, waardes, liefde, selfbeeld, samehorigheid, vertroue, respek en ondersteuning.

### Effektief

Binne die konteks van die studie verwys die konsep *effektief* na die doeltreffendheid en doelmatigheid waarmee die leerbegeleier haar/sy didaktiese rol vervul.

## NAVORSINGSONTWERP EN - METODE

'n Kontekstuele, kwalitatiewe, verkennende, beskrywende navorsingsontwerp word vir die studie gebruik.

Vervolgens word 'n oorsig oor die navorsingsmetode en -verloop in die bereiking van doelwit I; doelwit II; doelwit III en doelwit IV gegee.

**Doelwit I:** *Die verkenning en beskrywing van die leerbegeleier se behoefte aan didaktiese steunstelsels, binne die konteks van 'n verplegingskollege*

Data-insameling het plaasgevind deur die benutting van fokusgroeponderhoude met die leerbegeleiers. 'n Onafhanklike moderator en assistent is benut vir die afneem van die fokusgroeponderhoude, ten einde die vertrouenswaardigheid van die studie te verhoog.

Een semi-gestruktureerde vraag is aan die leerbegeleiers gestel, naamlik: "Wat is u behoefte aan didaktiese steunstelsels in die kollege?" Data is vasgelê op oudiobande en veldnotas. 'n Sosiogram is benut om deelname van leerbegeleiers te bepaal.

Die steekproef van deelnemers is vanuit die totale populasie leerbegeleiers by een verplegingskollege getrek. Vyftien leerbegeleiers het deelgeneem aan die fokusgroeponderhoud (n = 15). Data-analise is onafhanklik van mekaar deur die kodeerder en 'n mede-kodeerder uitgevoer, vanaf getranskribeerde oudiobande en veldnotas. Data-analise is uitgevoer deur middel van 'n sistematiese proses van teks-analise soos deur Tesch (in Cresswell, 1994:155) beskryf.

Data-analise oorwegings soos deur Krueger (1994:149-151) toegepas is ook benut. Uitklaring en bevestiging van data-analise het plaasgevind in 'n opvolg fokusgroeponderhoud met deelnemers (n = 7). Maatreëls is getref in die afneem van die fokusgroeponderhoud om vertrouenswaardigheid te verhoog.

**Doelwit II:** *Die verkenning en beskrywing van die bestuurders se siening oor hoe hulle didaktiese steun aan die leerbegeleier kan bied, binne die konteks van 'n verplegingskollege*

Data-insameling het plaasgevind deur middel van semi-gestruktureerde individuele onderhoude met rolspelers te voer. Een sentrale vraag is geformuleer:

"Hoe kan u didaktiese steun aan die leerbegeleiers bied?"

'n Onafhanklike onderhoudvoerder en assistent is benut vir die afneem van die onderhoude.

Data is vasgelê op oudiobande en veldnotas waarna transkribering plaasgevind het. Die populasie en steekproef van die deelnemers sluit die rolspelers in die bestuur van een verplegingskollege in (n = 5). Data-analise is deur 'n kodeerder en mede-kodeerder, onafhanklik van mekaar uitgevoer. Data-analise is uitgevoer deur middel van 'n sistematiese proses van teks-analise soos beskryf deur Tesch (in Cresswell, 1994:155). Maatreëls is getref in die afneem van die onderhoude om vertrouenswaardigheid te verhoog.

**Doelwit III:** *Die beskrywing van 'n konseptuele raamwerk vir die bestuur van didaktiese steunstelsels aan 'n verplegingskollege as literatuurkontrole*

Die fokus het geval op verkenning van die literatuur om empiriese bevindinge van doelwit I en doelwit II te kontroleer en die beskrywing daarvan is in 'n konseptuele raamwerk vervat.

Die navorser het die opnamelys van Dickoff, James en Wiedenbach (1968) benut om die konsepte georden te verken en te beskryf, naamlik: konteks, doel, agent, ontvanger en prosedure.

Data-insameling het plaasgevind deur 'n literatuurverkenning vir intermetodiese kruisvalidasie of triangulering van die navorsingsbevindinge. Die navorser het 'n doelgerigte seleksie van literatuur, nasionaal en internasionaal (n = 146) uitgevoer.

**Doelwit IV:** *Die beskrywing van riglyne vir die transformasionele bestuur van didaktiese steunstelsels aan 'n verplegingskollege*

Ten einde riglyne vir die bestuur van didaktiese steunstelsels te beskryf, is die navorsingsbevindinge van doelwit I, doelwit II en doelwit III benut. Daar is 12 riglyne gegenereer, asook voorstelle vir die operasionalisering daarvan.

Lincoln en Guba (1985:290-300) se kriteria vir vertrouenswaardigheid is benut vir die studie.

## BEVINDINGS VAN DOELWITTE EEN, TWEE EN DRIE

Die hooftrekke van die bevindings van doelwitte een, twee en drie word deur tabel 1 weergegee.

Ter bereiking van doelwit 1 is fokusgroeponderhoude met die leerbeggeleiers uitgevoer. Vanuit hierdie onderhoude is 'n rykheid van empiriese data weerspieël.

Hierdie rykheid van data weerspieël die behoefte aan didaktiese steunstelsels vanuit die kennis en ervaring van die leerbegeleier. Daar is (n=34) stellings gegenereer wat die behoeftes van die leerbegeleer weergee ten opsigte van binne die konteks van 'n verplegingskollege. Vanuit hierdie stellings is konsepte geïdentifiseer wat benut is ten einde doelwit III te bereik. Hierdie konsepte is verbandhoudend tot mekaar georden.

Ter bereiking van doelwit II is verkenning gedoen deur individuele onderhoude te voer met rolspelers in die bestuur van 'n verplegingskollege. Daar is (n=23) stellings gegenereer wat die siening van rolspelers weergee. Vanuit hierdie stellings is konsepte geïdentifiseer wat benut is ten einde doelwit III te bereik. Die konsepte saam met die konsepte ontwikkel in die bereiking van doelwit I, is benut om 'n finale lys van konsepte te ontwikkel. Hierdie lys van konsepte word as 'n tipologie beskryf en is benut in die beskrywing van die konseptuele raamwerk.

Die opnamelys van Dickoff et al (1968) is benut om die konsepte rigtinggewend te order (Tabel 1.). Die bestuursproses is benut as prosedure.

In die beskrywing van die konseptuele raamwerk fokus die navorser op 'n literatuurkontrole om konsepte wat ontwikkel is te verken en te beskryf. Daar is (n=15) konklusie stellings gegenereer wat logies geïnfereer is vanuit die literatuurverkenning en empiriese bevindinge van doelwit I en doelwit II. Riglyne vir die transformasionele bestuur van didaktieise steunstelsels aan 'n verplegingskollege word vanuit die empiriese bevindinge van doelwit I en doelwit II asook konklusiestellings vanuit

Die konsep *didaktiese steunstelsels* verwys na steunstelsels in die eksterne omgewing van die leerbegeleier binne die transformasie konteks van 'n verplegingskollege

***TABEL 1: FINALE LYS KONSEPTE VERBANDHOUDEND TOT ELEMENTE VAN DIE OPNAMELYS VAN DICKOFF, ET AL (1968)***

| ELEMENTE | VERBANDHOUDENDE KONSEPTE |
|---|---|
| Doel: Didaktiese steunstelsels vir didaktiese rolvervulling | • Didakties |
| Konteks: Verplegingskollege | • Streshantering |
| Ontvanger: Leerbegeleier | • Ontwikkeling<br>• Kurrikulum vernuwing<br>• Multikultureel<br>• Volwasse leerder |
| Agent: Bestuurder | • Organisatoriesestruktuur<br>• Deelnemende bestuur<br>• Probleemhantering<br>• Konflikhantering<br>• Multikultureel<br>• Interpersoolikeverhoudinge<br>• Kommunikasievaardighed<br>• Erkenning<br>• Terugvoer<br>• Respek<br>• Positiewe klimaatskepping<br>• Motivering<br>• Personeelevaluering<br>• Selfbestuur<br>• Beskikbaarheid<br>• Pro-aktiewe optrede<br>• Behoeftebepaling en beplanning<br>• Menslike en materiële hulpbronbestuur<br>• Organisatoriese klimaat<br>• Ondersteuning<br>• Spanfunksionering |
| Prosedure: Transformasionele bestuur van didaktiese steunstelsels | • Beplanning<br>- Organisasiestruktuur<br>- Deelnemende bestuur<br>- Transformasionele bestuur<br>• Behoefte bepaling en beplanning van menslike en materiele hulpbronne<br>- Beleid<br>- Doelwitbereiking<br>- Finansiële bestuur<br>• Organisering<br>- Kommunikasiestrukture<br>- Netwerkskakeling<br>- Diensskedulering (fleksietydstelsel)<br>- Bemarking<br>- Navorsingsgeleenthede<br>- Spanfunksionering<br>- Vergaderings en komitee aktiwiteite<br>- Organisasie klimaat :<br>Respek<br>Interpersoonlike verhoudinge<br>• Leidinggewing<br>- Persoonlike en professionele ontwikkeling<br>- Ondersteuning: Mentor<br>Konsultant<br>Verwysingsisteem<br>- Probleemhantering<br>- Konflikhantering<br>- Begeleidingsvennootskap<br>- Professionele sosialisering<br>- Sosiale interaksie<br>- Beskikbaarheid<br>• Bestuur van materiele hulpbronne<br>- Mediasentrum<br>- Simulasie laboratorium<br>- Onderrighulpmiddele<br>- Fisiese fasiliteite<br>• Bestuur van studente aan geleenthede<br>- Volwasse leerder<br>• Bestuur van kurrikulum vernuwing |

die beskrywing van die konseptuele raamwerk (doelwit III) gemaak.

## RIGLYNE VIR DIE BESTUUR VAN DIDAKTIESE STEUNSTELSELS

Die bestuur van didaktiese steunstelsels aan 'n verplegingskollege behoort van so 'n aard te wees dat dit die leerbegeleier in staat stel om haar/sy didaktiese rol te vervul. Binne die verplegingskollege is daar dinamiese veranderinge wat plaasvind wat 'n nuwe kreatiewe aanslag verg van die bestuurder verbonde aan 'n verplegingskollege.

Die bestuurders moet transformerend dink en moet deur transformasionele bestuur van didaktiese steunstelsels die leerbegeleier in staat stel om haar/sy didaktiese rol te vervul.

Die volgende riglyne en operasionaliserings implikasies word aangedui.

**Riglyn 1:** Skenk aandag aan die bestuur van transformasie binne die konteks van 'n verplegingskollege waar die leerbegeleier haar/hom bevind.
In die operasionalisering van die bestuur van transformasie moet aandag aan die volgende geskenk word:

- Bestuurders moet oor 'n duidelike visie beskik om transformasie te bestuur en
- as transformasieleiers optree.
- Bestuurders van 'n verplegingskollege moet in die bestuur van didaktiese steunstelsels aandag te skenk aan die doeltreffendheid en doelmatigheid van die steunstelsels ten einde die leerbegeleier in staat te stel om in die proses van transformasie haar/sy didaktiese rol te vervul.
- Pro-aktiewe optrede in die bestuur van transformasie
(vergelyk Marriner-Tomey, 1992:425-427; Hawks, 1992:610; Mellish & Brink, 1993: 5,6,13,15).

**Riglyn 2:** Skenk aandag aan die organisatoriesestruktuur waarbinne transformasionele bestuur plaasvind.
In die operasionalisering van die organisatoriesestruktuur moet aandag aan die volgende geskenk word:

- Die wegbreek van die formele organisatoriesestruktuur wat hiërargies of burokraties is na 'n aangepaste model waar deelnemende bestuur plaasvind, waar die leerbegeleier binne spanverband funksioneer en waar gesag, verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir besluitneming binne spanverband aanvaar word.
- Deelnemende bestuur waar vertroue in die leerbegeleier openbaar word en waar kreatiwiteit, oopheid en vryheid vir bespreking aangemoedig word
(vergelyk Marriner-Tomey, 1996:120,292; Bernhard & Walsh, 1990:32-38; Chavasse, 1992:1; Marriner-Tomey, 1993:91,92; Muller, 1995:16.77).

**Riglyn 3:** Skenk aandag aan 'n deelnemende bestuurstyl waar deelnemende besluitneming en probleemoplossing plaasvind.
In die operasionalisering van die bestuurstyl moet aandag aan die volgende geskenk word:

- Konsekwente en deursigtige optrede.
- Effektiewe kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede.
- Kundigheid en vaardigheid in die beplanning, organisering, leidinggewing en beheer (kontrole) van menslike en materiële hulpbronne
(vergelyk Booyens, 1996:289-292; Gillies, 1994:325; Carrel & Kuzmits, 1986:246; Rebore, 1987:166; Hawks, 1992:611-612).

**Riglyn 4:** Skenk aandag aan die funksionering van die leerbegeleier binne bestuurspanne. Die bestuurspanne waar gedeelde verantwoordelikheid, aanspreeklikheid en deelnemende besluitneming plaasvind, skep 'n klimaat waarbinne die leerbegeleier kan funksioneer.

In die operasionalisering van bestuurspanne moet aandag aan die volgende geskenk word:

- Die ontwikkeling van die spanlede om as 'n span saam te werk.
- Aanvaarding van verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir doelwitbereiking deur elke leerbegeleier as lid van die span.
- Effektiewe bestuur binne spanverband.
- Ontwikkeling en uitbouing van interpersoonlike verhoudinge en goeie kommunikasie intra- en interspanverband wat goeie verstandhouding, vertroue, eerlikheid, positiewe groepsmoreel, samewerking, selfvertroue en selfhandhawende gedrag insluit.
- Ontwikkeling van spanne om probleme en konflik effektief te hanteer.
- Dat die organisatoriesestruktuur en die bestuurstyl die leerbegeleier in staat stel om as onafhanklike, selfstandige bestuurder van haar/sy eie persoon verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir haar/sy didaktiese rolvervuiling te aanvaar
(vergelyk Bornman, 1988:85; Marriner-Tomey, 1996:54-55, Boss, 1989: 37,58,91,162; Porter-O'Grady, 1996:17; Greenberg & Baron, 1993:366; Kelly, 1992:216).

**Riglyn 5:** Skenk aandag aan die skep van 'n konteks met 'n sorgsame koesterende omgewing.
In die operasionalisering van die skep van 'n konteks moet aandag aan die volgende geskenk word:

- 'n Omgewing waar die ontwikkeling en uitbouing van interpersoonlike verhoudinge, gerig op die skep van oop tweerigting kommunikasie op alle vlakke inter- en intraspanverband bestaan.
- 'n Omgewing waar vertroue tussen individue bestaan en wat ontwikkel vanuit eerlikheid, opregtheid en oopheid.
- Wedersydse respek en aanvaarding (vergelyk Marriner-Tomey, 1993:12-13,182-183; Marriner-Tomey, 1996:275).

**Riglyn 6:** Skenk aandag aan effektiewe behoeftebepaling en -beplanning van menslike hulpbronne.
In die operasionalisering van die behoeftebepaling en beplanning moet aandag geskenk word aan die volgende:

- Die effektiewe behoeftebepaling en beplanning van menslike hulpbronne insluitend 'n realistiese, eweredige werkslading vir die leerbegeleier.
- Die daarstel van duidelike beleidsriglyne wat as raamwerk dien en wat rigtinggewend van aard is en wat konsekwente beleidstoepassing verseker. Deursigtigheid in beleidstoepassing is van belang
(vergelyk Byars, 1991:6-7; Muller, 1996:121-123,286,292,295; Booyens, 1996:24,48-49; Rebore, 1987:324).

**Riglyn 7:** Skenk aandag aan die effektiewe organisering van menslike hulpbronne.
In die operasionalisering van die organisering van menslike hulpbronne moet aandag geskenk word aan die volgende:

- Die skep van effektiewe kommunikasiestrukture, intra- en interspanverband, op alle vlakke binne en buite die verplegingskollege.
- Netwerkskakeling binne en buite die verplegingskollege.
- Die skep en uitbou van 'n begeleidingsvennootskap met die begeleidingsvennote in die verplegingspraktyk.
- Bemarking van die kundigheid en vaardigheid van die leerbegeleier om uitnemendheid te bemark.
- Die skep van navorsingsgeleenthede om by te dra tot die ontwikkeling van verpleging en verpleegkunde.
- 'n Fleksietydstelsel om die leerbegeleier in staat te stel om op 'n verantwoordelike wyse diensure op 'n buigbare wyse te skeduleer
(vergelyk Bornman, 1988:47; Greenberg & Baron, 1993:488-499; Byars & Rue, 1991:500-501; Chavasse, 1992:2; Carrel & Kuzmits, 1986:259; Booyens, 1996: 175;Marriner-Tomey, 1996:56,104,245;

DeLoughery, 1991:395; Kelly, 1992:47; Mashaba & Brink, 1992:47; Mellish & Brink, 1993:341).

**Riglyn 8:** Skenk aandag aan leidinggewing van die leerbegeleier in die periode van transformasie binne die verplegingskollege.
In die operasionalisering van leidinggewing moet aandag geskenk word aan die volgende:

- Behoeftebepaling vir persoonlike en professionele ontwikkeling van die leerbegeleier relevant tot die dinamiese veranderinge.
- Die voortgesette ontwikkeling van die leerbegeleier om binne die didaktiese situasie in staat te wees om die volwasse leerder te begelei en om akademies toegerus te bly deur kennis en vaardigheid voortdurend te ontwikkel. Hierdie ontwikkeling sluit onder meer in:
  - taalvaardigheid in 'n dubbelmedium didaktiese situasie;
  - fasilitering van leer in 'n multikulturele didaktiese situasie;
  - kennis en vaardigheid van nuwe onderrigstrategieë en -metodes gerig op die volwasse leerder;
  - groter kennis en begrip oor die behoeftes en kultuur van die volwasse leerder in die multikulturele didaktiese situasie; en
  - nuwe tegnologie onder meer rekenaarvaardigheid.
- Loopbaanontwikkeling van die leerbegeleier.
- Daarstelling van 'n induksieprogram vir die nuweling leerbegeleier of waar verskuiwing van leerbegeleiers plaasvind.
- Ondersteuningsisteme wat insluit mentor, konsultant en verwysingsisteem.
- Ontwikkeling van die leerbegeleier om stres effektief te hanteer.
Geleentheid vir professionele sosialisering van leerbegeleiers wat onder meer akademiese debattering insluit.
- Geleentheid vir sosiale interaksie tussen leerbegeleiers deur onder meer personeelkampe. Die geleentheid wat geskep word vir sosiale interaksie moet bekostigbaar en toeganklik vir alle leerbegeleiers te wees.
- Die ontwikkeling van die leerbegeleier en kurrikulum ontwikkeling loop hand aan hand

(vergelyk Muller, 1996:289,308,330; Marriner-Tomey, 1996:223; Greenberg & Baron, 1993:414; Gillies, 1994:249; Rebore, 1987:161-167).

**Riglyn 9:** Skenk aandag aan die beheer of kontrole van menslike hulpbronne.

In die operasionalisering van beheer moet aandag geskenk word aan onder meer:

- Eerlike, objektiewe personeelevaluering volgens gestelde standaarde en kriteria.
- Erkenning en terugvoer ten einde die leerbegeleier in staat te stel om eie praktyk te verbeter

(vergelyk Muller, 1996:124; Byars & Rue, 1991:248-253; Carrel & Kuzmits, 1986:305).

**Riglyn 10:** Skenk aandag aan effektiewe bestuur van materiële hulpbronne veral gedurende die periode van transformasie.
In die operasionalisering van die bestuur van materiële hulpbronne moet aandag geskenk word aan onder meer:

## An abundance of possibilities for further research was created...

- Effektiewe finansiële bestuur van materiële hulpbronne.
- Doelmatige en doeltreffende onderrighulpmiddele wat 'n simulasie laboratorium wat volwassene-leer bevorder insluit.
- Doelmatige en doeltreffende fisiese fasiliteite ten einde die volwasse leerder in die didaktiese situasie te akkommodeer.
- 'n Doelmatige en doeltreffende mediasentrum met kundige personeel wat die volwasse leerder binne die didaktiese situasie akkommodeer

(vergelyk Mellish & Brink, 1993:213-214; Curzon, 1985:243; Malan & Du Toit, 1991:98; Booyens, 1996:259; Marriner-Tomey, 1996:80-81).

**Riglyn 11:** Skenk aandag aan die transformasionele bestuur van studentaangeleenthede.
Die didaktiese situasie behoort gedurende die periode van transformasie voorsiening te maak vir:

- Akademiese vordering.
- Persoonlike hulpverlening.
- Georganiseerde studentelewe.

In die operasionalisering van die bestuur van studentaangeleenthede moet aandag geskenk word aan:

- Die akademiese vordering wat onder meer uitreikingsprogramme insluit ten einde die student wat akademies nie na wense vorder nie, behulpsaam is te wees.
- Persoonlike hulpverlening wat 'n studentvoorligter/-berader insluit wat toeganklik en beskikbaar is vir die volwasse leerder wat probleme in die didaktiese situasie ervaar.
- 'n Georganiseerde studentelewe wat insluit 'n studenteraad wat op 'n georganiseerde wyse betrokkenheid by die didaktiese situasie het.
- Die studentstatus van die verpleegstudent as volwasse leerder binne die didaktiese situasie

(vergelyk Bornman, 1988:92-94; Mashaba & Brink, 1994:181; Mellish & Brink, 1993:63).

**Riglyn 12:** Skenk aandag aan die verplegingskurrikula wat die leerbegeleier binne die didaktiese situasie benut om die verpleegstudent as volwasse leerder in die didaktiese situasie te begelei, om sodoende aan die behoeftes van die samelewing te voldoen.

In die operasionalisering van die transformasionele bestuur van verplegingskurrikula moet aandag aan die volgende geskenk word:

- Aan die kurrikulum om:
  - die doelstellings;
  - seleksie en organisering van leerinhoude;
  - seleksie en organisering van onderrigstrategieë en -metodes; en
  - seleksie en organisering van leergeleenthede en evaluering;
  te vernuwe op so 'n wyse dat die waardes van die samelewing daarin weerspieël word.
- Die benadering tot die volwasse leerder in die didaktiese situasie moet op so 'n wyse geskied dat dit die volwasse leerder akkommodeer.
- Die leerbegeleier moet leer fasiliteer op so 'n wyse dat dit die volwasse leerder lei tot sinvolle lewenslange leer (vergelyk Carl, 1995:25; Krüger, 1980: 12,34; Calitz *et al*, 1982:6-7; Botes, 1989:113; Klopper, 1995:42; Roberts, *et al*.1993:889; Goewermentskennis-gewing, 1954 van 1994; African National Congress, 1994:19-20; Poggenpoel en Wessman, 1994:5; Roberts, While & Fitzpatric, 1993:889; Goewerments-kennisgewing, 1030 van 1994:10; National Commission on Higher Education, 1996:1,11,353-356).

Die riglyne het ten doel om handelingsgerig te wees en om die didaktiese situasie waarbinne die leerbegeleier haar/hom bevind te verbeter om sodoende die

leerbegeleier in staat te stel om haar/sy didaktiese rol te vervul.

## SAMEVATTING

In hierdie studie is daar gefokus op riglyne vir die transformasionele bestuur van didaktiese steunstelsels aan 'n verplegingskollege. Die riglyne vir die transformasionele bestuur van didaktiese steunstelsels behoort die leerbegeleier in staat te stel om haar/sy didaktiese rol, binne die konteks van 'n verplegingskollege te vervul.

Die probleem wat aanleiding gegee het tot die studie, spruit voort uit veelvuldige dinamiese faktore wat 'n invloed uitoefen op die gesondheidsorgsituasie en ook op verpleegonderwys. Die faktore gee aanleiding tot transformasie binne die didaktiese situasie in die konteks van 'n verplegingskollege.

Die leerbegeleier binne 'n verplegingskollege bevind haar/hom midde in 'n proses van transformasie. Die faktore wat aanleiding gee tot die transformasie is onder meer: wetgewing, 'n multikulturele dubbelmedium didaktiese situasie, demokratisering van die didaktiese situasie en verandering en die benadering tot die kurrikulum en die volwasse leerder.

Die leerbegeleier moet in hierdie didaktiese situasie haar/sy didaktiese rol vervul. Ten einde die didaktiese rol te vervul, binne die konteks van 'n verplegingskollege, benut die leerbegeleier didaktiese steunstelsels. Voldoende didaktiese steunstelsels moet daargestel word, om die leerbegeleier in staat te stel om haar/sy didaktiese rol effektief te vervul.

Die bestuurder verbonde aan 'n verplegingskollege het 'n rol om te vervul ten opsigte van die bestuur van didaktiese steunstelsels aan 'n verplegingskollege. Deur die transformasionele bestuur van didaktiese steunstelsels word die leerbegeleier in staat gestel om haar/sy didaktiese rol te vervul.

Die transformasie wat in die didaktiese situasie plaasvind lei daartoe dat die bestuurder aan 'n verplegingskollege 'n nuwe kreatiewe aanslag tot die bestuur van didaktiese steunstelsels aan 'n verplegingskollege moet toon. Die bestuurders moet transformerend dink en moet deur transformasionele bestuur van didaktiese steunstelsels die leerbegeleier in staat stel om haar/sy didaktiese rol binne die konteks van 'n verplegingskollege te vervul.

Die riglyne is daarop gerig om die praktyk te verbeter en kan 'n waardevolle bydrae lewer tot die bestuur van die didaktiese steunstelsels ten einde die leerbegeleier in staat te stel om haar/sy didaktiese rol te vervul.

## *BIBLIOGRAFIE*


**AFRICAN NATIONAL CONGRESS, 1994:** A National Health Plan for South Africa. Maseru: Bahr Mapping and Printing.

**BERNHARD, LA & WALSH, M 1990:** Leadership, the key to the professionalization of nursing; second edition. St. Louis: The CV Mosby Company.

**BOOYENS, SW 1996:** Introduction to health services management. Kenwyn: Juta & Co.

**BORNMAN, JE 1988:** Bestuursvernuwing aan 'n verplegingskollege. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (D. Phil.-proefskrif).

**BOSS, WR 1989:** Organization development in health care. California: Addison-WesleyPublishing Company.

**BOTES, AC 1989:** 'n Model vir wetenskapsbeoefening in die verpleegkunde. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (D. Cur.-proefskrif).

**BOTES, AC 1994a:** Die skryf van 'n verantwoordbare navorsingsvoorstel of oriënteringshoofstuk. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (Kernaantekeninge).

**BRINK, HIL 1989:** Registered nurse tutors perception of their role. *Curationis*, 12(1&2), July 1989:13-17.

**BURNS, N & GROVE, SK 1993:** The practice of nursing research, conduct, critique and utilization; second edition. Philadelphia: WB Saunders Company.

**BYARS, LB & RUE, LW 1991:** Human resource management; third edition. Boston: Irwin

**CALITZ, LP; DU PLESSIS, SJP & STEYN, IN 1982:** Die kurrikulum: 'n Handleiding vir dosente en onderwysers. Durban: Butterworths.

**CARL, AE 1995:** Teacher empowerment through curriculum development: Theory into practice. Kenwyn: Juta & Co. Ltd.

**CARREL, MR & KUZMITS, FE 1986:** Personnel human resource management; second edition. Columbus: Merril Publishing Company.

**CATALANO, JC 1994:** A survey of educators' activities to empower nurses for practice. Nursing Outlook, 42(4), July/August 1994:182-187.

**CHAVASSE, JM 1992:** New dimensions of empowerment in nursing and challenges. *Journal of Advanced Nursing*, 17(1), 1992:1-2.

**CRESWELL, JW 1994:** Research design. Qualitative and quantitative approaches. London: Sage.

**DELOUGHERY, GL 1991:** Issues and trends in nursing. St. Louis: Mosby Year book.

**DENZIN, NK & LINCOLN, YS 1994:** Handbook of qualitative research. Thousand Oaks: Sage Publications.

**DICKOFF, J; JAMES, P & WIEDENBACH, E 1968:** Theory in a practice discipline. Part 1. Practice orientated theory. *Nursing Research*, 17(5), September-October 1968:415-435.

**GIBSON, CH 1991:** A concept analysis of empowerment. *Journal of Advanced Nursing*, 16(3), 1991:354-361.

**GILLIES, DA 1994:** Nursing management. A systems approach; third edition. Philadelphia: WB Saunders Company.

**GREENBERG, J & BARON, RA 1993:** Behavior in organizations; fourth edition. Boston: Allyn and Bacon.

**HARRIS, K 1994:** Teachers: Constructing the future. London: The Falmer Press.

**HAWKS, JH 1992:** Empowerment in nursing education: Concept analysis and application to philosophy, learning and instruction. *Journal of Advanced Nursing*, 17, 1992:609-618.

**HEIN, EC & NICHOLSON, MJ 1994:** Contemporary leadership behavior. Selected readings; fourth edition. Philadelphia: JB Lippincott Company.

**HIBBERD, JM; STOROZ, CE & ANDREWS, HA 1992:** Implementing shared governance: A false start. *Nursing Clinics of North America*, March 27(1):1992:11-22.

**HIGGINBOTHAM, JP & COX, KK 1979:** Focus group interviews: A reader. Illinois: American Marketing Association.

**JOOSTE, K 1996:** Die bestuursbemagtiging van verpleegkundiges in gesondheidsdienste. *Verpleegnuus*, 20(8), Mei 1996:12-14.

**KELLY, AV 1989:** The curriculum: Theory and practice; third edition. London: Paul Chapman Publishing Ltd.

**KLOPPER, HC 1994a**: 'n Model vir begeleide selfstudie in verpleegkunde. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (D.Cur-proefskrif).

**KLOPPER, HC 1994b:** Die leerbegeleier in verpleegkunde. Monografie twee. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

KLOPPER, HC 1995:Vertrouenswaardigheidstrategieë in kwalitatiewe navorsing. *RAUCUR*, 1(1), Julie 1995:25-28.

**KLOPPER, HC 1995:** Denkvaardighede in verpleging. *Verpleegnuus*, 19(8), Augustus 1995:42-44.

**KNOWLES, M 1990:** The adult learner: A neglected species; fourth edition. Houston: Gulf Publishing Company.

**KOTZé, WJ 1976:** Die taak van die verpleegonderwys. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

**KOTZé, WJ 1982:** Professionele gevormdheid van die verpleegkundige. Die beeld van die beroep na buite. *Curationis,* 5(1), Maart 1982:7-10.

**KOTZé, WJ 1984:** Professionele vorming van die studentverpleegkundige. *Curationis,* 7(1), Maart 1984:17-22.

**KREFTING, L 1991:** Rigor in qualitative research: The assessment of trustworthiness. *The American Journal of Occupational Therapy,* 45(3), March 1991:214-222.

**KRITZINGER, MSB & EKSTEEN, LC 1989:** Beknopte verklarende woordeboek. Kaapstad: J.L. van Schaik.

**KRüGER, RA 1980:** Beginsels en kriteria vir kurrikulum ontwerp. Pretoria: HAUM.

**KRUEGER, RA 1994**: Focus groups, a practical guide for applied research; second edition. Thousand Oaks: SAGE Publications.

**LINCOLN, YS & GUBA, EG 1985:** Naturalistic Inquiry. London: Sage.

**MALAN, SPT & DU TOIT, PH 1991:** Suksesvolle onderrig, riglyne vir dosente, onderwysers en opleiers. Pretoria: Academica.

**MARRINER-TOMEY, A 1992:** Guide to nursing management; fourth edition. St. Louis: Mosby Year Book.

**MARRINER-TOMEY, A 1993:** Transformational leadership in nursing. St. Louis: Mosby Year Book.

**MARRINER-TOMEY, A 1996:** Guide to nursing management and leadership; fifth edition. St. Louis: Mosby Year Book.

**MASHABA, TG & BRINK, HI 1994:** Nursing education, an international perspective. Kenwyn: Juta & Co.

**MELLISH, JM & BRINK, H 1993:** Teaching the practice of nursing, a text in nursing dynamics; third edition. Durban: Butterworths.

**MORGAN, LD 1993:** Successful focus groups. London: Sage Publications.

**MOUTON, J & MARAIS, HC 1992:** Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe, hersiene uitgawe, derde druk. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

**MULLER, M 1995:** Participative management in health care services. *Curationis,* 18(1), March 1995:15-21.

**MULLER, ME 1996:** Nursing dynamics. Durban: Heinemann.

**NATIONAL COMMISSION ON HIGHER EDUCATION, 1996:** NCHE Discussion document. A framework for transformation. Pretoria: National Commission on Higher Education.

**OERMAN, M 1994:** Reforming nursing education for future practice. *Journal of Nursing Education,* 33(5), March 1994:215-218.

**OKUN, BF 1992:** Effective helping. Interviewing and counselling techniques; fourth edition. California: Brooks/Cole Publishing Company.

**POGGENPOEL, M & WESSMAN, JP 1994:** South African Nursing: The dynamics of change. (Artikel vir oorweging vir publikasie in *Nursing & Health Care*).

**PORTER-O'GRADY, T 1996:** A mature shared governance system, more structure than substance. *JONA,* 26(2), February 1996:14-19.

**RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT, DEPARTEMENT VERPLEEGKUNDE, 1992:** Verplegingsteorie vir mensheelheid. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

**REBORE, RW 1987:** Personnel administration in education. A management approach; second edition. New Jersey: Prentice-Hall.

**ROBERTS, JD; WHILE, AE & FITZPATRIC, JM 1993:** Problem-solving in nursing practice: Application, process, skill acquisition and measurement. *Journal of Advanced Nursing*, 18, 1993:886-891.

**ROBERTS, CA & BURKE, SO 1989:** Nursing research, a quantative and qualitative approach. Boston: Jones and Bartlett Publishers.

**SEARLE, C 1988:** Professionele praktyk. 'n Suid-Afrikaanse perspektief; herdruk. Durban: Butterworths.

**SENEKAL, AJ 1990:** Die ontwerp van 'n studenteondersteuningstelsel aan die Wes-Transvaalse Verplegingskollege. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Graad Magister in die Verpleegkunde-Verhandeling).

**SMITH, DPJ 1996:** Die aard en taak van filosofie van die opvoeding. Monografie. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

**SOUTH AFRICA (REPUBLIC).** Consitution of the Republic of South Africa 1996: As adopted by the Constitutional Assembly on 8 May 1996. Government Printer.

**SOUTH AFRICAN SOCIETY FOR NURSING RESEARCHERS (SASNR) 1996:** Ethical standards for nurse researchers. *Curationis,* 19(1), March 1996:74-75.

**SOUTH AFRICA (REPUBLIC).** Consitution of the Republic of South Africa 1996: As adopted by the Constitutional Assembly on 8 May 1996. Government Printer.

**STRYDOM, JA 1995:** Multicultural education. *To the Mark. Academic Development Bureau UOFS Bloemfontein,* 5(1), 1995:1-5.

**SUID-AFRIKAANSE INTERIM RAAD OP VERPLEGING, 1996:** 'n Gelykvormige stelsel van verpleegonderwys vir Suid-Afrika. Besprekingsdokument. Pretoria: Die Suid-Afrikaanse Interim Raad op Verpleging.

**SUID-AFRIKAANSE RAAD OP VERPLEGING, 1985:** Regulasies betreffende die goedkeuring van en die minimum vereistes vir die opleiding en onderrig van 'n verpleegkundige (algemene, psigiatriese en gemeenskaps-) en vroedvrou wat lei tot registrasie, no. 425 van 22 Februarie 1985. Pretoria: Staatsdrukker.

**SUID-AFRIKAANSE RAAD OP VERPLEGING, 1992:** Die filosofie en beleid van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging ten opsigte van professionele verpleegopleiding en onderrig. Pretoria: Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging.

**SUID-AFRIKAANSE RAAD OP VERPLEGING, 1992:** Standaarde vir verplegingspraktyk. Pretoria: Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging.

**SUID-AFRIKA (REPUBLIEK).** Konsepwitskrif oor Onderwys en Opleiding. (Goewermentskennisgewing no. 1030 van 1994). Kaapstad: Creda Press vir die Staatsdrukker, Pretoria.

**SUID-AFRIKA (REPUBLIEK).** Witskrif oor Heropbou en Ontwikkelingsprogram. (Goewermentskennisgewing no. 1954 van 1994). Kaapstad: Creda Press vir die Staatsdrukker, Pretoria.

**WESSMAN, JP 1993:** Origin of nursing for the Whole Person Theory. (Personal Correspondence 24 November 1992). Tulsa: Oral Roberts University, Anna Vaughn School of Nursing.

**WLODKOWSKI, RJ 1985:** Enhancing adult motivation to learn. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.